

28 Junie

Johannes 10:1-16,  
(Teks: Heidelbergse Kategismus S 21, V/A 54)

### ***Nagmaal is vir skape, nie vir bokke nie!***

Die beeld wat Jesus in Johannes 10 gebruik, maak twee sake duidelik:

Jesus is 'n herder;  
Die gelowiges is skape.

#### Die Herder

'n Herder in die Bybelse tyd het nie altyd 'n maklike taak gehad nie. Hy het veral drie

take gehad:

Hy moes sy skape vergader;  
Hy moes sy skape verenig;  
Hy moes sy skape verlos.

Hierdie drie take het dit dikwels gevaarlik gemaak vir die herder.

#### Die skape

Die kenmerke van die skape maak dit duidelik waarom die taak van die herder moeilik en gevaarlik was. Skape is swak en kwesbaar maar ook eiewys en koppig. Die gevolg was dat skape maklik verdwaal het. Hulle is in rotsskeure vasgevang of deur leeus en wilde diere bedreig. Hierdie gevare moes die herder trotseer.

Oordink nou Johannes 10:11 waar Jesus sê: "Ek is die goeie Herder. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape". As ons hierdie beeld op die gelowiges toepas, dan staan twee dinge uit: Gelowiges is nie volmaak nie. Soos skape is ons swak en kwesbaar, maar ook eiewys en koppig. Ons Herder is egter volmaak. Hy vergader, verenig en verlos ons en daarom is die skape veilig en versorg. Tydens Nagmaal sien ons simbolies hoe die Herder met sy verlore skape vergader en verenig is.

#### Die bokke

Daar is egter ook bokke. Die bokke is die mense wat die stem van die Herder hoor maar nie reageer nie. Die bokke bly buite die kraal staan. Hulle lewe is blootgestel aan die gevare van wildediere maar besef dit nie. Hulle staan buite omdat hulle buite wil wees.

Nagmaal is toetstyd: "behoort jy tot die skape of die bokke?" Hoe sal jy weet? Jesus sê in Johannes 10:14 dat sy skape Hom ken. Dus: Verlang jy na die gemeenskapsmaaltyd met Christus of maak jy afspraak met die wêreld?

Sing: Psalm 23:1-3

Ds. J.L. Aucamp (Worcester)